# Die Kruin-o-gram

Uitgawe 4 26 Julie 2020

## Handelinge 28:1-5

Dit is 'n bedremmelde klomp manne wat op die strand van die eiland Malta uitspoel. Die eiland Malta was 96 kilometer suid van Sisilië. Daar was goeie hawens op die eiland en daarom was dit 'n gewilde handelsentrum. Gelukkig is die inwoners van die eiland vriendelike Fenisiërs wat hulle baie gou welkom laat voel. Maar dan begin dit reën en dis bitter koud. Die eilandbewoners spring gou aan die werk om die verkluimde manne 'n bietjie warmte te gee, en hulle maak 'n groot vuur. Paulus spring ook in om hout bymekaar te maak, maar wanneer hy sy bondel hout in die vuur gooi, is daar 'n giftige slang in wat ontwaak van die hitte.

En die dierasie slaan sy gevaarlike tande in Paulus se hand in, en daar hang hy vir almal om te sien. Die eilandbewoners deins verskrik terug, nie vir die slang nie, maar vir Paulus! "Daardie man moet beslis 'n moordenaar wees!" fluister hulle vir mekaar terwyl hulle skeef na Paulus kyk. "Ja," beaam een van die manne, "hy het die storm oorleef, maar nou neem die gode op 'n ander manier wraak oor sy misdaad! Hy sal beslis nie lewe nie!" Die gode sal jou terugkry op die een of ander manier, so glo hulle. As jy die een ongeluk fnuik, kry hulle jou op 'n ander manier beet! Vandag is dit steeds so dat mense die een of ander goddelike verklaring het vir dinge wat met ons gebeur. Doen jy iets verkeerd, dan rus God se straf op jou, of die duiwel kry jou beet. Doen jy iets goed, dan is die goeie dinge wat met jou gebeur God se seën op jou omdat jy so goed is. Hierdie soort van verklarings is baie gevaarlik. Niemand kan God se handelinge verklaar in die dinge wat gebeur op aarde nie. Daar is ook nie 'n verband tussen die mense se sonde en God se straf nie. Lees gerus maar weer die boek Job, waar Job al die regte geluide gemaak het, maar ál wat 'n slegte ding is, het hom getref. Jesus stel dit in die Nuwe Testament ook baie duidelik dat rampe nie noodwendig God se straf is nie. Eers wanneer die finale oordeel kom, sal die Here as Regter optree en 'n oordeel fel, en dan sal die straf gegee word aan dié wat dit toekom. Wanneer die slang Paulus byt, is hy beslis nie paniekbevange nie. Hy skud bloot die slang in die vuur af en gaan sit by die vuur. Grootoog staar almal hom aan en wag dat sy hand soos 'n ballon moet opswel en dat hy dood neerval. Maar dit gebeur nie. Paulus lyk so normaal soos enigeen van hulle, en sy hand swel nie op nie. "Hy is 'n god!" gaan die fluistering om tussen die mense as hulle sien dat hy niks oorkom nie. Binne 'n kort rukkie verander Paulus dramaties in hulle oë van 'n moordenaar na 'n goddelike figuur. Met Paulus se aansien wat so styg, kom die hoofman van die eiland, Publius na hom en bied aan dat hy en sy reisgenote, Lukas en Aristarchos by hom tuisgaan as sy gaste vir drie dae. Daar aangekom, verneem Paulus dat Publius se pa baie siek is van maagkoors. "Mag ek hom sien?" vra Paulus, en dan lê hy sy hande op die siek man en bid vir hom. En dadelik is die man genees. Die nuus versprei soos 'n veldbrand, en nie lank en daar staan 'n groot bondel siekes voor die deur.

Paulus bid vir elkeen, en hulle word almal genees. Die inwoners van Malta is oorstelp van vreugde, en hulle oorlaai Paulus en sy vriende met geskenke. Wanneer hulle drie maande later vertrek, voorsien hierdie inwoners hulle van alles wat hulle nodig het vir hulle reis. As die kaptein na Paulus geluister het, sou hulle reis nooit in 'n ramp geëindig het nie. Hulle sou waarskynlik nooit in Malta gestrand het of selfs daar aangedoen het nie. Maar God neem hierdie kaptein se ongehoorsaamheid en Hy gebruik dit tot Sy eer. Kyk maar hoe gee Hy die mense aan boord van die skip nuwe krag toe hulle 'n absolute laagtepunt bereik. Hulle ervaar Sy beskerming op 'n wonderbaarlike wyse. Waar hulle gedoem was tot 'n besliste seegraf, red Hy elke mens op die skip, en bring hulle ongedeerd op die eiland. Maar dan gaan Hy 'n stap verder: Hy voorsien dat 'n giftige slang Paulus pik, maar dat Paulus niks oorkom nie, weereens sodat Sy Naam grootgemaak kan word. Hierdie gebeurtenis maak deure vir Paulus oop om in die harte van die inwoners van Malta te kruip. Ook Publius se pa word op presies die regte oomblik siek sodat Paulus die krag van God kan demonstreer.

En dit maak verdere deure oop sodat Paulus kontak kan hê met al die inwoners van Malta, en dat hy hulle vertroue onvoorwaardelik kan wen. Lukas vertel nie vir ons van mense wat die Evangelie aangeneem het nie, maar ons kan aanvaar dat Paulus beslis nie in daardie drie maande sou stilsit en niksdoen nie. Hy sou sékerlik die Evangelie laat weergalm het op die eiland! God gebruik dikwels mense se hardkoppigheid om die Koninkryk van God te bou. En dikwels gebruik Hy rampe en slegte gebeurtenisse tot Sy eer. Ek kan getuig van talle slegte dinge wat my getref het, wat die Here omgeswaai het om Sy almag te toon. Wees dus dankbaar in alle omstandighede. Moenie kerm as die ongeluk jou tref nie, maar sien dit in 'n positiewe lig. God kan iets baie goed daaruit laat voortspruit.

**Verwelkoming**
Gebruik gerus hierdie tyd om jouself geestelik te fokus en te nader tot God.

**Afkondigings**
Belangrike inligting word gedeel.

**Getuienis & Sorg**
Ruimte word geskep waar ons in mekaar se blydskap en leed kan deel.

**Votum & Seëngroet**
'n Uitroep oor die karakter en identiteit van die Here wat ons dien.
- Jesaja 54:10 -

**Loflied**
- Here, Redder, Groot (LB 280) -

**Kinderfase**
Kinders word uitgenooi om ook deel te vorm van die Erediens.

**Skriflesing en Oordenking**
- Handelinge 28:1-5 -

**Wet**
- Romeine 13:8-10 -
**Skuldbelydenis**
- Esra 9:6 -
**Vryspraak**
- Jesaja 1:18 -

**Geloofsbelydenis**
- God is liefde (LB 334) -

**Seën en Amen**
Ons word gegroet met 'n seënbede waarop ons antwoord met 'n amen.
- Numeri 6:24-26 -

# Delf dieper
## Vuur en vlam

**#Bybelvasvra:**

Op watter evangelie bou die boek Handelinge?

Hierdie gedeelte tot die Kruin-o-gram is spesifiek gemik op die jongmense, die tieners in ons gemeente. Hier daag ons, ons tieners uit om op drie vlakke te groei in hul geloof - 1) vir mekaar, 2) na God, 3) en na mense daar buite. Die doel van *Delf dieper* is dat ouers en tieners saam kan praat oor die Skriflesing aan die hand van die boonste oordenking, sodat die hele gesin tot 'n nuwe verstaan kan kom van die Bybel. Wanneer die gesin dus weer bymekaar kom, vra die volgende vrae vir mekaar en sien hoe die Gees van God in jou gesin beweeg.

### 1) Na mekaar:

1. Hoe gaan dit met jou?
2. Hoe sal jy 'n Christen omskryf?

### 2) Na God:

1. Lees Handelinge 28:1-5 (Om jou te help lees die oordenking op die vorige bladsy).
   a. Wat val jou op? Wat in die gedeelte raak jou hart?
   b. Watter vrae maak hierdie gedeelte in jou wakker?
2. Wat doen Paulus in hierdie gedeelte?

### 3) Na mense:

1. Watter beeld van die evangelie straal jy uit?
2. Doen: Vertel iemand hierdie week die Goeie Nuus van Jesus.



# Vuur en Flam

## Handelinge 28:1-5

Kom ons lees hierdie week se gedeelte uit die Bybel sommer saam hieronder:

*"1Nadat ons veilig aan wal gekom het, het ons gehoor dat dit die eiland Malta is. 2Die mense daar was baie vriendelik teenoor ons. Omdat dit begin reën het en koud was, het hulle 'n vuur aangesteek en ons almal daarby verwelkom. 3Paulus het 'n klomp hout bymekaargemaak en op die vuur gegooi. Van die hitte het daar 'n slang uitgekom, en dit het aan sy hand vasgebyt. 4Toe die mense die slang aan Paulus se hand sien hang, sê hulle vir mekaar: "Hierdie man moet beslis 'n moordenaar wees. Al is hy uit die see gered, wil die goddelike wraak hom nie laat lewe nie." 5Paulus het egter die slang in die vuur afgeskud en niks oorgekom nie."*

Ons gaan nie vandag op die teks spesifiek fokus nie, maar eerder op 'n tema.

Hierdie tema is "vuur en flam vir Jesus". Wat beteken dit? Kom ons kyk...

Lees Matteus 5:14-16 om vir jou 'n idee te gee:


*"[14]Julle is die lig vir die wêreld. 'n Stad wat op 'n berg lê, kan nie weggesteek word nie;*
*[15]ook steek 'n mens nie 'n lamp op en sit dit onder 'n emmer nie maar op 'n lampstaander,*
*en dit gee lig vir almal in die huis. [16]Laat julle lig so voor die mense skyn, dat hulle julle*
*goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemel is, verheerlik."*

So, om 'vuur en flam vir Jesus' te leef is om jou liggie te laat skyn vir die wêreld. En hoe laat ons, ons liggie skyn? Dis natuurlik deur liefde vir ander mense. Omdat God vir ons baie lief is, moet ons vir die mense om ons ook lief wees. Onthou jy wat Jesus gesê het oor liefde vir God en vir jou naaste? As jy nie kan onthou nie, gaan lees weer Matteus 22:37-39.

Soek die woorde hieronder om jou te help met idees om vir mense te wys dat jy lief is vir Jesus en vir hulle en dat jy "vuur en flam vir Jesus" leef.

Respek
Troos
Glimlag
Komplimente
Lief wees

Omgee
Deel
Ondersteun
Help
Luister



| | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| A | B | C | D | E | G | F | G | H | K | I | J |
| K | L | M | N | O | P | L | Q | R | O | S | T |
| U | V | W | X | Y | U | Z | I | A | M | B | C |
| D | E | F | G | I | H | I | J | M | P | K | L |
| M | N | O | S | P | Q | S | R | S | L | T | U |
| V | W | T | X | Y | Z | O | A | B | I | A | C |
| D | E | E | F | G | H | O | I | J | M | K | G |
| R | L | O | N | D | E | R | S | T | E | U | N |
| M | N | M | O | E | P | T | Q | R | N | S | T |
| U | V | G | W | E | X | Y | Z | A | T | H | B |
| C | D | E | E | L | I | E | F | W | E | E | S |
| F | G | E | H | I | J | K | L | M | N | L | O |
| P | Q | R | R | E | S | P | E | K | S | P | T |

# Verjaarsdae

| | |
|---|---|
| **Sondag 26 Julie** | |
| Kejanah Human | |
| Edwil O'Neill | 012 804 7351 |
| Ansie van der Linde | 012 804 8064 |
| Manie Visser | 012 804 2911 |
| | |
| **Maandag 27 Julie** | |
| Frikkie Smith | 012 804 2013 |
| | |
| **Dinsdag 28 Julie** | |
| Deidre de Bruyn | |
| Johan Kraynauw | 082 445 1986 |
| | |
| **Woensdag 29 Julie** | |
| Willie Fourie | 062 009 2009 |
| Bianca Janse van Rensburg | 072 959 3064 |
| | |
| **Donderdag 30 Julie** | |
| Mandi Anassis | 074 417 6561 |
| Jana Barclay | 082 559 8105 |
| Marthie Coetzee | 012 804 3633 |
| Beatrice van Rooyen | 083 255 2120 |
| | |
| **Vrydag 31 Julie** | |
| CP Cloete | |
| Okert O'Neill | 012 804 7351 |
| Dreinie van Tonder | 012 804 6985 |
| | |
| **Saterdag 01 Augustus** | |
| Zene Grobler | 082 447 9270 |
| Nick van Zyl | 071 688 0436 |
| | |

**Beste wense vir 'n gelukkige Nuwe lewensjaar !!**

# Gebedslys


**KANKER**
Charles Du Plessis - Neeltjie Barnard - Ria Potgieter
Ina Shakelton - Ester Boshoff - Wilma Swanepoel
Maxie Laubcher - Karen Botha - Frans Stone
Johnny Redelinghuys - Terry Schoeman - Minie Erasmus
Elleny Engelbrecht - Mina Van Jaarsveld
Flip Roodt – Tarien Jooste - Bets Greyling
Marquesta Pienaar

**GESONDHEID**
Kathy Belelie - Koos Barkhuizen - Tienie Wessels
Sarie Vermaak - Pop Swart - Delport Gesin - Johan Voster
Salty Du Rand - Lettie Botes - Charmaine Brouwer

**OPERASIES**
Elsa Coetzee - Denise Lombaard - Teresa Meintjies
Antoinette Grundling - Marie Cornelius - Tienie van Tonder
Antonie du Toit

**SWANGERSKAPPE**
Lize En Alexis Kok - Talita En Francois Moller

**ONS BID OOK VIR DIE**
ekonomie




Silvertonkruin
Available in App Stores

SUBSPLASH

**Webtuiste:**
**silvertonkruins.co.za**

**Facebook:**
**@Silvertonkruin**

**Instagram:**
**@Kruinjeug_ng**

**Youtube:**
**www.youtube.com/c/Silvertonkruin**

## Hoe om Zapper te gebruik

1. Scan die QR-kode
2. Sit in bedrag
3. Kliek op betaal

Let wel dit werk met jou persoonlike bank (FNB, ABSA, Nedbank ens.) se toepassing ook.

**Bankbesonderhede:**
N.G. Silvertonkruin
ABSA - 632005
Tjek rekening: 70580888

zapper™

**Kerkkantoor:**

**Telefoon: 012 804 3577**
**Faks: 086 545 7151**
**e-posadres:**

**admin@silvertonkruins.co.za**

**Kerkkantoor ure:**
**Maandae - Vrydae 09:00 - 13:00**